CONQUESTA
is 'n lid van
ASTEMI
SCIENCE TECHNOLOGY ENGINEERING MATHEMATICS INNOVATION
OLYMPIADS & COMPETITIONS

CONQUESTA 2020
Gryp die uitdaging!

031 764 1972 (Suid-Afrika)
www.conquestaolympiads.com
conquest@iafrica.com



Skeppende Kunste *(LV 2)* – Graad 4

Welkom by jou Conquesta Olimpiade. Wanneer jy besluit het watter van die antwoorde die korrekte een is, krap die letter op die ooreenstemmende blokkie op jou antwoordvel dood. Byvoorbeeld:- As die antwoord op vraag 4 c is, krap die letter c in die blokkie wat c langs nommer 4 bevat, dood *(sien voorbeeld 1 hieronder)*. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

Voorbeeld 1:-

4.	a	b	■	d

Voorbeeld 2:-

4.	a	■	☒	d

Lees die storie regs vir vrae 1 – 11.

<u>Die Kalbaskinders</u>
(Verwerk – Anike Foundation)

Verteller: Eenmaal was daar 'n vrou genaamd Shindo, wat in 'n dorpie aan die voet van 'n berg gewoon het. Haar man is oorlede en sy het geen kinders gehad nie. Sy was baie eensaam en sy was altyd moeg want sy het niemand gehad om haar met haar take te help nie. Sy het die hut en die werf skoongemaak, die hoenders kosgegee, die koei gemelk, haar klere in die rivier gewas, water gedra, vuurmaakhout gekap en haar eensame maaltye gaargemaak. Aan die einde van elke dag het Shindo na die hemele opgekyk.

Shindo: *[Biddend.]* Groot Almagtige! My werk is te swaar. Stuur vir my hulp!

Verteller: Een dag was Shindo besig om bossies uit te trek in haar akkertjie by die rivier, waar sy groente, r...esangs en kalbasse gekweek het. Skielik het 'n edel hoofman langs haar verskyn.

Hoofman: Ek is ' n boodskapper van die Groot Almagtige. *[Hy oorhandig kalbassade aan haar.]* Plant hierdie sorgvuldig. Hulle is die antwoord op jou gebede.
[Dan verdwyn hy.]

Shindo: *[wonder]* Watter hulp kan ek van 'n handvol saad verwag?

Verteller: Sy het hul geplant en versorg so versigtig as wat sy kon. Sy was verbaas oor hoe vinning hulle gegroei het. Sy het die kalbasse huistoe geneem, die pulp uitgeskep, en hulle op die dak van haar hut gesit om droog te word. Wanneer hulle droog was, kon sy hulle by die mark as kalbasse, waarvan bakke gemaak kan word, verkoop. Shindo het die beste kalbas gevat en dit langs die vuur gesit in die hoop dat dit vinniger sou droogword sodat sy dit self kon gebruik.

1. Hierdie storie is 'n Afrika-volksverhaal. Wat is jou begrip van die woord *'volksverhaal'*?
(a) 'n Storie wat sy oorsprong in 'n spesifieke kultuur het.
(b) 'n Gewilde storie wat deur 'n ou man vertel word.
(c) 'n Storie wat 'n mite geword het.
(d) 'n Storie met realistiese karakters.

2. Kies die *<u>foutiewe</u>* stelling. *'n Volksverhaal sluit verskillende tipes diere en voorwerpe in wat ……*
(a) menslike eienskappe het.
(b) sing en dans.
(c) nie in verskillende seisoene geplaas word nie.
(d) spesifieke emosies het.

3. Kies die *<u>foutiewe</u>* stelling. *'n Volksverhaal se gewildheid ontstaan uit ……*
(a) verbeeldingryke karakters.
(b) bonatuurlike elemente.
(c) die eenvoudige sin vir regverdigheid.
(d) hartseer eindes.

4. Die rol van 'n verteller is om ......
(a) vir die gehoor te preek. (b) die gehoor in te lig.
(c) die gehoor krities te maak. (d) die gehoor te oordeel.

5. Wat is die naam wat gebruik word vir 'n vrou wie se man oorlede is?
(a) Ongetroud. (b) Eensaam.
(c) Weduwee. (d) Enkellopend.

6. Die woorde tussen hakies, bv. *[Biddend]*, dui aan dat die akteur ……
(a) die woorde hardop moet sê.
(b) fisies die aksie moet uitvoer.
(c) die luim van die reël moet oordra.
(d) oor die aksie moet dink.

7. Watter ander plant dra kalbassade?
(a) Botterskorsie. (b) Tamatie.
(c) Blomkool. (d) Boontjies.

8. As jy die karakter Hoofman is, watter beweging sou jy uitvoer om te toon dat jy *'verdwyn'* het?
(a) Huppel en spring van die verhoog af. (b) Rol stadig van die verhoog af.
(c) Spring stadig van die verhoog af. (d) Tol versigtig van die verhoog af.

9. Watter stemtoon sal Shindo gebruik wanneer sy om hulp bid?
(a) Kwaai toon. (b) Sarkastiese toon. (c) Desperate toon. (d) Veeleisende toon.

Voorbeeld

10. Watter van hierdie gesigsuitdrukkings toon die beste dat Shindo *'wonder'* wat om met die saad te doen?

(a)

(b)

(c)

(d)


11. Watter musiekinstrument sou Shindo se moegheid die beste weergee?

(a) Viool. (b) Dromme.
(c) Elektriese kitaar. (d) Saxofoon.

Lees die storie regs en beantwoord vrae 12 – 19.

12. Wanneer jy op die land is en deur *'mimiek'* toon dat jy groente oes, sal jy ……

(a) maak asof jy die groente in 'n mandjie sit.
(b) die grootte van die groente toon deur jou hand daarvolgens oop te maak.
(c) die sweet van jou voorkop afvee om te wys hoe hard jy in die warm son werk.
(d) 'n egte botterskorsie op die verhoog gebruik.

13. As jy 'n kalbas was en 'n kop, arms en bene moes laat uitspruit, hoe sou jy dit op die verhoog doen?

(a) Sit op die vloer en staan op.
(b) Druk jou kop teen jou bors vas en lig skielik jou kop orent.
(c) Rol jouself in 'n bal en sprei stadig jou arms, bene en kop uit deur in 'n mens te verander.
(d) Draai jou rug na die gehoor en draai skielik om en kyk na die gehoor met uitgestrekte arms en bene.



14. Hoe sal Kitso toon dat hy traag van begrip is?

(a) Onophoudelik praat.
(b) Sit en grinnik.
(c) Aanhoudend lag.
(d) Kwaai staar.



Verteller: Die volgende oggend het Shindo haar huis verlaat om in haar akkertjie te gaan werk. Tuis het vreemde dinge begin gebeur. Die kalbasse het koppe, arms en bene uitgespruit. Hulle het kinders geword! Een seun, Kitso, het by die vuur gelê waar Shindo hom gesit het. Die ander kinders op die dak het hom geroep om hulle van die dak af te help. Hulle het spelend en singend deur die huis en werf gehardloop, behalwe Kitso. Omdat hy by die vuur drooggeword het, was hy stadig van begrip. Hy het net gesit en glimlag.

Kinders: Kom broers en susters, laat ons die hut en werf skoonmaak, die hoenders kosgee, vuurmaakhout kap, die klere was, water dra, die koei melk en 'n maaltyd kook vir Shindo om te eet wanneer sy terugkeer! Kitso, wanneer die take afgehandel is, moet jy ons terughelp op die dak.

Verteller: Terug op die dak het die kinders weer in kalbasse verander. Toe Shindo terugkeer huistoe, het 'n ander vrou na haar geroep.

Dorpsvrou: Wie was daardie kinders op jou werf vandag? Waar kom hulle vandaan? Hoekom het hulle jou take verrig?

Shindo: Watter kinders? Ek het nie kinders nie. Is jy besig om met my te spot?

Verteller: Toe Shindo by die huis opdaag, was sy baie verbaas. Al die take was afgehandel en sy het 'n gekookte maaltyd gehad om te eet. Sy kon nie dink wie haar gehelp het nie. Die volgende oggend het Shindo gemaak asof sy na haar akkertjie gaan. In plaas daarvan, het sy agter die deur weggekruip en gesien hoe die kalbasse in kinders verander. Toe die kinders in die hut instorm, het hulle amper in Shindo vasgehardloop. Niemand kon praat nie want almal was te geskok. Na 'n rukkie het hulle aangegaan met hulle take en toe dit klaar was, het hulle begin terugklim op die dak.

Shindo: Nee, nee!! Julle moet *nie* terugverander in kalbasse *nie*. Wees die kinders wat ek nooit gehad het nie. Ek sal julle liefhê en vir julle sorg soos 'n moeder.

Verteller: Shindo het die kinders gehou en sy was nie meer eensaam nie. Hulle het gehelp met al die take en kort voor lank het sy ryk geword met baie groente, bokke en skape, behalwe Kitso wat net by die vuur gesit en glimlag het. Sy was baie lief vir hom, maar soms wanneer sy moeg of geïrriteerd was, het sy vir Kitso gesê ……

Shindo: Hoekom kan jy nie slim wees soos jou broers en susters en so hard soos hulle werk nie? Maar wat kan ek verwag? Jy's hoegenaamd nie 'n regte kind nie! Jy's niks anders as 'n kalbas nie!!!

Verteller: Skielik was Kitso weg en in sy plek was 'n kalbas. Shindo het uitgeroep dat die kinders haar moet help om Kitso te vind.

Shindo: Wat het ek gedoen! Ek het nie bedoel wat ek gesê het nie. Hy's nie 'n kalbas nie, maar my eie lieflingseun. Doen asseblief iets kinders!!



Voorbeeld